# GRAAD 9 (EAT)
# BEGRIPSTOETS
ANCHERI GOETZE (GERMAN INTERNATIONAL SCHOOL, CAPE TOWN)

**Vraag 1 Koerantberig**
**Bestudeer die teks hieronder en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

## Hoe slim is jou kat? Só kan jy uitvind!



1. Het jy al ooit gewonder hoe slim jou kat is? Hulle praat nie, slaap ’n groot deel van die dag en die meeste van hulle stel glad nie belang (*not interested*) in menslike interaksie tensy dit tyd vir ete is nie.

2. Dit wil voorkom of katte ook op ’n intelligensiespektrum pas, net soos mense. Sommige katte leer vinnig en is baie nuuskierig, terwyl ander heeltemal tevrede is om net op die rusbank te ontspan.

3. Daar is natuurlik nie ’n werklike manier om ’n kat se IK-vlak te toets nie, maar daar is ’n paar goed wat jy kan doen om ’n idee van hul intelligensie te kry.

4. Dié webwerf, Catster, meen die beste manier om jou kat se intelligensie te toets, is om hul gunstelingspeelding en ’n kartonboks te gebruik. Die toets moet in ’n stil vertrek sonder enigiets wat die aandag kan aftrek, gedoen word. Maak seker jou kat sien die speelding en dat jy dit binne of agter die boks neersit.

5. Katte wat na die speelding gaan soek, het ’n basiese begrip van die blywendheid (*permanence*) van voorwerpe, soortgelyk aan ’n klein kindjie. Katte wat die toets dop (*fail*), kan moontlik heeltemal van die speelding vergeet sodra hulle dit nie meer kan sien nie.

6. Slimmer katte sal waarskynlik ook miaau of teen jou kom krap as dit tyd vir ete is – ’n teken dat hulle ’n basiese begrip van etenstye het.

7. As jy boonop ’n huiskat het wat nog nooit buite was nie, maar teen die deure of vensters krap, is dit dalk ’n baie slim kat! Hoekom? Want die kat weet dat daar iets agter die deur of venster is en dat hy/sy graag soontoe wil gaan.

[Verwerk uit: *Maroela Media*, “Hoe slim is jou kat?”, 14 Januarie 2024]

1.1 Noem TWEE goed wat tipiese “katgedrag” is. (2)

1.2 Met wie word katte se intelligensiespektrum vergelyk? (1)

1.3 Lees die volgende stelling:
*Jy kan jou kat se IK akkuraat meet.*
1.3.1 Is die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)
1.3.2 Motiveer jou antwoord deur ’n frase aan te haal. (1)

1.4 Watter TWEE dinge het jy nodig om jou kat se intelligensie te toets? (2)

1.5 Wat moet jy doen om seker te maak dat jou kat se aandag nie tydens die toets afgetrek word nie? (1)

1.6 Lees weer paragraaf 5.

1.6.1 Hoe kan 'n kat die intelligensietoets dop? (1)

1.6.2 Waarom dop hulle die toets? (1)

1.7 Watter twee dinge kan 'n kat moontlik doen om te wys hy/sy is honger? (2)

1.8 Lees weer paragraaf 7.
Katte kommunikeer beslis met mense. Hoe kan hierdie kommunikasie 'n teken van intelligensie wees? (2)

1.9 Dink jy daar is ander maniere om 'n kat se intelligensie te toets wat nie in die teks genoem word nie? Verduidelik jou antwoord. (1)

**[15]**

**Vraag 2 Advertensie**
**Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat daarop volg.**




(Bron: Advertensie ontwerp deur Nicola Potter, Laerskool Jan van Riebeeck)

2.1 Watter visuele tegniek word gebruik om die leser se aandag te trek? Noem EEN tegniek. (1)

2.2 Lees die volgende stelling: *Jy kan kos vir enige dier skool toe bring*.

2.2.1 Is die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)

2.2.2 Motiveer jou antwoord by 2.2.1 deur TWEE APARTE woorde aan te haal. (1)

2.3 Waarom word "speelgoed" onder "Lekker om te hê" gelys? (1)

2.4 Kyk na die diere se gesigsuitdrukking. Watter "menslike" eienskap toon hulle wat wys dat hulle gelukkig is? (1)

2.5 Kyk weer na die titel. Van watter skool kom die "Jannies"? (1)

2.6 Skryf in een sin wat jy dink die LEAPS-organisasie doen. (1)

2.7 Hoe dink jy sal die LEAPS-organisasie voel wanneer hulle die skenking ontvang? (1)

2.8 Watter prys sal jy graag wil wen? Verduidelik jou antwoord. (2)

**[10]**

**_Begripstoets – Graad 9 EAT, Ancheri Goetze (bl. 18)_**

**Vraag 1**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Katte slaap heeldag en stel nie belang in mense nie. | (2) |
| 1.2 | Met mense. | (1) |
| 1.3.1 | onwaar | (1) |
| 1.3.2 | "nie 'n werklike manier" | (1) |
| 1.4 | Die kat se gunstelingspeelding en 'n boks. | (2) |
| 1.5 | Die vertrek moet stil wees. | (1) |
| 1.6.1 | Die kat vergeet van die speelding. | (1) |
| 1.6.2 | Hulle kan nie meer sien nie. | (1) |
| 1.7 | Hulle miaau en kom krap aan jou. | (2) |
| 1.8 | Hulle weet daar is iets agter 'n deur of 'n venster en dat hulle wil uitgaan. | (2) |
| 1.9 | Leerderrespons. Ja/Nee en 'n verduideliking. | (1) |
| | | **[15]** |

**Vraag 2**

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Enige EEN:<br>Groot lettertipe / groot letters.<br>Wit teks op 'n donker agtergrond<br>Kleurvolle/oulike prente van diere wat kykers sal lok | (1) |
| 2.2.1 | onwaar | (1) |
| 2.2.2 | "hondekos" en "katkos" (*Beide woorde vir een punt.*) | (1) |
| 2.3 | Speelgoed is nie noodsaaklik nie. / Speelgoed is lekker om te hê, maar kos is belangriker. | (1) |
| 2.4 | Die diere glimlag. | (1) |
| 2.5 | Jan van Riebeeck (Laerskool) | (1) |
| 2.6 | Leerderrespons: Die LEAPS-organisasie help katte en honde wat nie 'n huis het nie. | (1) |
| 2.7 | Hulle sal baie dankbaar/opgewonde/bly/gelukkig wees. | (1) |
| 2.8 | Leerderrespons + motivering. | (2) |
| | | **[10]** |